# Die Loop van die Dinge

SEKER 'n vyftien jaar gelede het ek 'n rubriek in **Koers** onder bostaande hoof afgesluit met die versugting: „Laat die dooies hulle eie dooies begrawe!" Dit was toe die Nasionale Party sy onvrugbare stryd teen die Ossewabrandwag ten top gevoer het. Sedertdien is daardie stryd op 'n manier bygelê met hoogs heilsame gevolge.

Maar nou dreig 'n nuwe stryd, hierdie keer teen Sabra en geesverwante. En na aanleiding daarvan voel ek my geroepe om weer tot die strydperk terug te keer, deur van tyd tot tyd die groot toekoms-moontlikhede te skets vir die Nasionale Afrikanerdom in Afrika op die grondslag van ons Christelik-Nasionale beginsels.

Dit sal ek D.V. probeer doen in die lig van gelyktydige wêreldgebeure, en terselfdertyd by geleentheid daarop wys hoe ons toekoms ondermyn kan word deur politieke opportunisme.

My grondgedagte is kortliks dat ons nou die leiding in die noodsaaklike en onafwendbare en voor die deur staande emansipasie van Afrika kan neem, op twee voorwaardes, nl. eerstens dat ons stappe neem om die Engelssprekende Afrikanerdom in selfstandigheid saam te skakel met die bestaande Nasionale Afrikanerdom op politieke gebied, en tweedens dat ons vir die gekleurde volke allereers van Suidelike Afrika vryheid in selfbestemming as politieke toekoms moet uitroep, maar so dat dit die blanke volke van ons wêrelddeel se selfbestemming nie in gevaar sal stel nie.

Ons kan aanneem dat aan hierdie voorwaardes nie voor die komende provinsiale verkiesinge voldoen sal word nie, aangesien die partye blykbaar besluit het om hierdie verkiesinge op die bestaande grondslag te voer met inskakeling van die agtienjariges.

Daarna kan ons egter seker wees dat die Verenigde Party uitmekaar sal val, en dan mag daar moontlik 'n Nasionale leier wees wat groot genoeg sal wees om die nodige reoriëntasie te bewerkstellig.

Dit wat ons wêrelddeel betref.

Wat betref die buitewêreld, is dit opmerklik dat China veral pressie op Rusland uitoefen om die Oos-Europese satelliete te verkneg, sodat hulle kapitaalgoedere aan China kan lewer, wat anders van Japan sal moet kom.

Hierdie beleid begin blykbaar vir Rusland onuitvoerbaar te word, waaruit ek aflei dat Rusland binne afsienbare tyd met Amerika 'n verbond sal sluit, om staande te kan bly teen die druk van die geel ras, ook al omdat geen van beide 'n derde wêreldoorlog kan bekostig nie.

Indië sal moontlik na die Ooste swaai, as sy huidige industrialisasieskema misluk. Geen wonder dus nie dat Kroestjef 'n nuwe moord-program begin het en Nehroe hom wil afsonder om te dink.

Hierteenoor is die Nasser-kaperjolle kinderspeletjies. Van meer belang is De Gaulle se desperate eksperiment

L. J. DU PLESSIS.